DEEL 115 | WEEK 26 | 30 JUNIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Hilltop breek SA Rekord

## *Suksesverhaal van liefde vir skape*

Bejaarde sukkel met riool 3
Heilbron rolbal kook 4
Nuwe tegnologie vir gewigsverlies 5
Pappa - en - dogterdans 8



*Op die foto agter vl: Koos Engelbrecht snr, Lisa Boshoff (Kuddebestuurder), Koos Engelbrecht (Koper), Danie de Wet (BKB), Jan Mostert (Afslaer) en JD Steyn (BKB). Voor vl: Jan-Hendrik Claassen (BKB), Faans Pretorius (Verkoper).*

Die skaapboerdery Hilltop SAVM, geleë 7 km buite Heilbron het onlangs opslae gemaak met hul ongelooflike suksesvolle veiling, waar 'n nuwe Suid-Afrikaanse Vleismerino rekord gebreek is. Hierdie prestasie is behaal tydens die veiling van die bekende skaapboer, Faans Pretorius. Faans het in 2012 met sy boerdery begin en vertel dat hierdie sy negende produksieveiling is, maar wel die vierde veiling wat hy op sy eie aangebied het.

Sy liefde vir skape het reeds as 'n klein seuntjie begin, toe hy op die rug van 'n perd deur sy pa se Merino-kudde in die lande gery het. Hy het sy kinderdae op 'n plaas in die Moedersdeel omgewing deurgebring tot op die ouderdom van 9 jaar waarna hulle na die plaas Weltevrede verhuis het, geleë op die Heilbron-Sasolburgpad. Dit is waar die Benninks tans woon. Faans werk reeds vir 18 jaar by Telwiedré, waar hy die behoefte aan hoogsproduserende diere in die vleismerino-bedryf ontdek het. Hier het hy sy vaardighede verfyn en 'n ware passie vir skape ontwikkel. Hilltop se seleksie word ook bepaal deur die seleksie van hoogsproduserende ooie wat baie kilogramme kan speen in 'n jaar. Faans vertel dat dit die beginsel is waarop sy hele stoetery gebaseer is. Alhoewel Faans se oudste seun Estian in Maartmaand by hom aangesluit het, vertel hy dat hy nog geen planne het om af te tree nie.

Tydens Faans se negende veiling het sy ram die vorige rekord van R 220 00 gebreek en 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord opgestel van R255 000. Koos Engelbrecht van Benjamin Boerdery op Heilbron was die tevrede koper. Die ram se grootmoeder was gekoop saam met twee ander ooie by Vredebest Farms Klapmuts in die Kaap. Altesaam het hierdie drie ooie 'n indrukwekkende 63 lammers voortgebring. Hy vertel dat hulle 'n groot invloed op sy kudde gehad het. Faans is trots op die feit dat hy geen hormonale behandelings gebruik nie en slegs van natuurlike dekking gebruik maak.

Die duurste stoetooi is vir 'n bedrag van R26 000 op die veiling wat Dinsdag, 27 Junie aangebied is, aan Andries Erasmus van Witbank verkoop. Die gemiddelde prys van die stoetooie gereed vir ram was R3 225, terwyl die stoetooie met lammers vir 'n gemiddelde prys van R5 184 verkoop is en dragtige stoetooie se gemiddeld was R5 955.

Daar was ook kommersiële ooie beskikbaar. Die duurste tweeling dragtige ooie is vir R5 000 verkoop, met 'n gemiddelde prys van R4 925. Die gemiddelde prys van enkeldragtige ooie was R3 800. Die ooie wat gereed was om te dek, is teen 'n gemiddelde prys van R2 856 verkoop.

Die veiling is aangebied deur BKB Frankfort, met Jan Mostert as die afslaer. Faans is beskeie, maar baie dankbaar vir die goeie uitkoms van die veiling.









# Ken jou medisyne

■ Heilbron Kliniek

**WEET JY -**

**Die naam van jou medisyne**

- Maak seker jy gebuik die regte/korrekte medisyne.
- Sekere medisyne het verskillende name maar dieselfde uitwerking.

**Waarom jy die medisyne moet gebruik**

Medisyne kan gebruik word om:

- Te verhoed om 'n siekte soos masels te kry.
- 'n Siekte soos tering/tuberkulose te genees.
- 'n Kroniese siekte soos hoë bloeddruk te beheer.
- Simptome soos hoofpyn te verlig.

**Hoe die medisyne gebruik moet word**

- Weet of jy jou medisyne moet insluk, aanwend, inasem, inspuit of insit.
- Jy moet weet:
- Hoeveel om te gebruik.
- Hoeveel keer per dag.
- Watter tyd van die dag.
- Vir hoe lank die medisyne geneem moet word.

**Of jy die medisyne met of sonder voedel moet neem**

- Soms verander voedel of drinkgoed die uitwerking van medisyne.
- Party medisyne moet saam met voedsel. ingeneem word en ander sonder voedsel.

**Wat om te doen indien daar newe-effekte is**

- Newe-effekte is ongewensde effekte wat kan voorkom as jy medisyne neem.
- Medisyne kan mense verskillend affekteer.
- Soms het jy mediese hulp nodig indien jy newe-effekte ervaar.

Indien jy nie weet nie, vra jou apteker.

### EXPIRED MEDICATION / VERVALDE MEDIKASIE

### MERIANA E FELLETSWENG KE NAKO YA YONA E BOLOKEHILENG

Remember to look for the expiry date on the container or packet before use. Do not use it if it is expired, bring it to the pharmacy for destruction.

Onthou om altyd eers na vervaldatums te kyk op die bottel of pakkie voor jy dit gebruik, as dit verval het, bring dit na die apteek om dit te vernietig.

Hopola ho sheba nako e bolokehileng merianeng, komaneng kapa mokotleng pele oe sebedisa. Oseke wa sebedisa meriana ha nako e bolokehileng e fetile, e kgutlisetse khemising hore e tlo senngwa.

**Do not try to destroy it yourself.**
**Moet dit nie self vernietig nie.**
**O seke wa leka ho e senya kabowena.**

Any unwanted or unused medication can also be brought to the pharmacy for destruction.
Enige ongewensde of ekstra medikasie kan ook na die apteek gebring word vir vernietiging.
Meriana e sasebedisweng le e sa hlokuweng e tliswe khemising le yona hore a tlo senngwa.

**Never share your medication with others.**
**Moet nooit jou medikasie met ander deel nie.**
**O seke wa abelana meriana ya hao le motho/batho ba bang.**


# Heilbron Clinic performed during OHCS Inspection

■ Heilbron Clinic Committees

During the Office of Health Compliance Standards Inspection, Heilbron Clinic was complimented and performed excellently in several divisions.

Vital measures: 78,46%
Essential Measures: 80,39% - Excellent

We are very proud of them and the service they deliver to the community despite the immense shortage of personnel at the Clinic.



## Beskerm jou gesin teen Varkgriep!

### Wat is Varkgriep?

Menslike varkgriep is 'n respiratoriese griep wat hoofsaaklik deur die tipe A (H1N1) griep virus veroorsaak word. Varkgriep het in die verlede gereeld tussen varke uitgebreek. Daar was 'n mediese bepaling dat dit beperk is tot varke. Intussen het die virus ook by mense begin voorkom. Die eerste gevalle is laat Maart begin April 2009 gerapporteer. Hierdie gevalle het in Suid-Kalifornië en Texas voorgekom. Dit word ook nou in verskeie ander lande soos Mexiko voor. Die virus versprei tans van mens tot mens en daarom kan dit oor die hele wêreld voorkom. Hoe maklik dit versprei is tans nog nie bekend nie.

### Hoe versprei Varkgriep

Dit blyk dat varkgriep met dieselfde metodes versprei as seisoenale griep. Dit word normaalweg van persoon tot persoon versprei en wel op een van die volgende wyses:

- Hoes en nies
- Aanraak van iemand wat reeds die virus het en dan aan jou eie mond raak
- Die oordrag kan een dag voor die simptome begin reeds oorgedra word en kan vir tot sewe dae aanhou nadat die persoon siek geword het.

### Tekens en simptome van Varkgriep

Die simptome van varkgriep is soortgelyk aan die normale simptome van menslike griep. Algemene simptome:

- Seer keel en hoes
- Koors (Kinders gewoonlik ook 'n uitslag)
- Moeilike asemhaling (Kinders: vinnige en moeilike asemhaling)
- Kortasem
- Hoofpyn, maag, borskas of die hele liggaam wat pyn.
- Skielike duiseligheid
- In sommige gevalle word diarree en naarheid ook gerapporteer.

### Plan van aksie teen Varkgriep

Neem in ag dat die kans om die varkgriep op te doen altyd bestaan. Daar is tans nie 'n entstof beskikbaar teen varkgriep by mense nie. Die volgende voorkomende stappe kan geneem word:

- Bedek jou neus en mond met 'n snesie wanneer jy hoes of nies. (Gooi dit daarna weg in 'n asblik)
- Was jou hande gereeld met seep en water, veral nadat jy gehoes of genies het.
- Probeer om nie aan jou oë, neus en mond te vat nie. (Kieme word so versprei)
- Hou jou liggaam sover moontlik gesond
- Slaap genoeg
- Drink baie vloeistowwe (veral water) en eet gesonde en voedsame kos
- Probeer om nie oppervlaktes aan te raak wat dalk met die virus besmet kan wees nie
- Vermy naby kontak met persone wat siek is

### Ek het die simptome, wat nou?

Gaan onmiddellik na jou huisdokter, naaste kliniek of hospitaal.

### Ek het Varkgriep, wat nou?

Wat kan ek doen om ander te beskerm indien ek met die virus besmet is?

- Bly by die huis. (Moet byvoorbeeld nie werk toe of skool toe gaan nie.)
- Vermy sover moontlik naby kontak met ander mense.
- Bedek jou mond en neus met 'n snesie wanneer jy hoes of nies. Gooi dit daarna onmiddellik in die asblik.
- Was jou hande met seep en water.

# Uitdiepen: *Week 26 van 2023*



Ek weet nie of julle dit ook agtergekom het nie, maar ek het. Sonde is nie meer die sonde wat dit was nie.

My oudste boetie is nou al 'n paar jaar besig om 'n boek oor ons gesin te skryf. Ons onthou weekliks 'n ander storie, en so kom die boek nooit klaar nie.

Dit begin by my oupa Hansie se stamboek, waar sy voorsate vandaankom en wanneer hulle die eerste keer in 'n register aangeteken is. Ouma Cielie is ook daar en waar haar mense vandaankom. Oupa Hansie en ouma Cielie het drie kinders gehad waarvan my gryse ou pa die jongste was. Hulle het soms vir drie maande aaneen by ons gewoon. Oupa Hansie het nie baie tande gehad nie en ouma Cielie het vas geglo dat sy blind was. Hulle het "Jesus loves you" in die aande gesing.

Oudste boet het onlangs die voorsate aan my gryse ma te kant begin byvoeg. Daar is dele van daardie familie wat maar duister is en ons giggel oor die redes daarvoor. My ma se pa is doodgery voor die poskantoor van 'n Vrystaatse dorp toe my ma 15 of 16 jaar oud was. Sy was die derde van sewe kinders.

Die ouma is later weer getroud met iemand na wie my gryse ou pa verwys het as die "oukêrel". My jonger boetie het altyd gedink dat "oukêrel" en 'n "oujongkêrel" dieselfde is. Die nuwe aangetroude mens het met sy eie vyf kinders in die gesin aangeland. Nie wat oujongkêrel destyds sou gedoen het nie. Ek het geen idee waar die kinders se ma was nie, maar ek dink sy het ook maar die tydelike met die ewige verwissel.

In totaal was daar nou 12 kinders wat kos en klere moes kry.

Ek kan nie baie van daardie ouma en haar man onthou nie. Ek is tot vandag toe vas onder die indruk dat hulle nie eers my naam geken het nie. Ek het net twee herinneringe van hulle.

Hulle het by 'n waterwerke of so iets gebly. Dit was verskriklik warm en hulle het net sandgrond gehad want jou voete rooi gebrand het. Daar was 'n hengse groot duiwehok en agterna het ek gehoor dat my niggies en nefies na die oukêrel verwys het as "Oupa Duifie".

Die tweede herinnering is my ouma wat op haar sterfbed lê en vir my ma vra: "En wie is hierdie kind? Sy moet uit!" Ek dink dit was maar die kanker wat so gemaak het.

Ons drie kinders, ek en die twee boeties, deel gereeld stories wat die oudste in die boek kan opneem. My jongste boetie het eers onlangs uitgevind dat die oukêrel vyf kinders, wat nie my ouma se bloedkinders was nie, tot die familie toegevoeg het.

Hy kan onthou hoe twee van die nie-bloedseuns by hom en my oudste boetie gekuier het. Hulle het fotoboekies saamgebring, diep in hulle sakke gesmokkel. Want in daardie jare was dit 'n groot sonde om fotoboekies te lees. Onthou julle dit nog? Die Ruiter in Swart. Die Grensvegter. Saal 10 Ongevalle. Die Swart Luiperd. Mark Condor. Iemand het dit "toiletboekies" genoem want dit was ver weggesteek en was as goeters wat in die toilet voorkom, beskou.

Groot sonde.

My ouma Cielie het my leer hekel toe ons hanslammers moes oppas. Ek was nog nie eens in die skool nie. Ons het elke oggend in die son gesit en hekel. Maar nie op 'n Sondag nie, want dit was sonde. "Jy steek die Here in Sy oog met die hekelpen", het sy altyd gesê. So was enige naaldwerk op 'n Sondag taboe.

Nog 'n groter sonde.

Ek het ook gereeld deurgeloop omdat ek langbroeke gedra het. Ek dink amper dat die kortbroeke ver weggebêre was wanneer hulle kom kuier het.

As laerskoolkind was ek in die koshuis en ons mag Woensdae dorp toe gegaan het. Die kafees het Woensdagoggende al die oorskot tydskrifte in hulle groot, groen asblikke gegooi. Ons het eers by die winkelier toestemming gevra en het dan die boeke uit die asblik gehaal (ja, en ons leef steeds!). Daar was Landbouweekblaaie, Huisgenote, Saries, Rooirose en (wag hiervoor!) 'n Scope.

Ons het blitsig die voorblad van die Scope afgeskeur en die prentjies van die meisies met bikinis of met sterretjies uitgeskeur. Daar was regtig interessante artikels daarin. Maar dit was sonde.

Op daardie noot: daar was 'n hele generasie mans wat gedink het dat alle vroue sterretjies op sekere plekke het en krammetjies deur hulle naeltjies. Want dit is wat die Scope gewys het.

Nietemin. As ons nou daaraan terugdink, was bogenoemde regtig nie so erg nie, en ek beskou dit nie as sonde nie. Ek het dit daardie dae ook nie as sonde beskou nie. Dalk was dit maar iets wat van generasie na generasie oorgedra is.

Wat ek deesdae sien, is dat sonde wat by die naam in die Bybel genoem word, selfs deur sekere kerkleiers gereduseer word tot niks nie. Iets wat vir die Bybelse tyd geskryf is, maar nie meer op ons van toepassing is nie.

Fotoboekies is nooit in die Bybel genoem nie. So ook nie Scope artikels (sonder die prentjies nie), ook nie die dra van langbroeke en naaldwerk op 'n Sondag nie. Wanneer ek nou daaraan terugdink, weet ek dat dit nie sonde was nie.


Maar Bybelse sonde bly Bybelse sonde. Maak nie saak van watter kant af jy dit bekyk nie. En deesdae is selfs die Woordverkondigers versigtig om te sê dat dit of dat, volgens die Bybelse riglyne, sonde is.

Die les vir vandag is om lig te loop vir sonde. Behalwe dat dit teen die Bybelse beginsel is, hou dit jou as mens veilig. Dink daaraan as trapreëlings: dit hou jou op die trappe en keer dat jy val.

Hou vas!

# INSPIRASIE RESEPTE

**WINTER WARM ONTBYT**



Pasch du Plooy

Chakalaka is 'n Suid Afrikaanse smoor of sous wat gewoonlik saam met pap of vleis geniet word. Ek is besonders lief vir Chakalaka en gebruik dit gereeld op my spyskaarte vir funksies. Die smoor gee 'n baie lekker aromatiese rissie byt aan geregte.

Daar is verskillende maniere om die sous te maak, maar dit bestaan hoofsaaklik uit 'n basis van tamatie, uie, rissie, fyn groente en speserye. Die smoor se oorsprong is waarskynlik van Mosambiekse Peri Peri af, maar ons Suid Afrikaners het dit waarlik ons eie gemaak.

Gebakte eiers in chakalaka met vars koljander en Amasi plaaskaas
Voorbereidingstyd - 24 uur
Kooktyd - 30 minute
Bedien - 4 mense

**Vir die Amasi plaaskaas**
1-liter volroom Amasi
Sout en peper
'n Kaasdoek of skoon vadoek of blou kombuislappie

**Metode**

Gebruik 'n vergiettes of 'n sif, en bedek dit met die kaasdoek. Maak seker dat daar nie 'n area is waar die Amasi kan uitloop nie. Plaas die vergiettes in 'n groot bak of oondpan, wat steeds in die yskas kan pas. Voeg nou die Amasi in die kaasdoek en plaas in die yskas, verkieslik oornag. Hoe langer die kaas staan hoe dikker sal dit word. Ek vind 'n minimum van 12 ure word vereis.

**Vir die Chakalaka**
8 vrywei eiers
1 blikkie Chakalaka, mild and spicy
1 blikkie tamatie- en uiesmoor
1 blikkie heel geskilde tamaties
1 groenrissie, fyn gekap
1 wit ui, fyn gekap
1 knoffelhuisie, gerasper
1 teelepel rissievlokkies
1 eetlepel Kerriepoeier
1 eetlepel bruinsuiker
4 eetlepels olyfolie
'n handvol vars koljander en pietersielie, gekap

**Metode**

Verhit 'n swaarboompan met 'n deksel, oor medium hitte tot warm. Voeg nou die olyfolie, uie, knoffel en groenrissie by. Braai die uie oor medium hitte tot uie bruin en lekker sag is. Voeg nou die speserye by, en braai vir 1 minuut tot aromaties. Voeg nou all die blikkies by, roer goed en draai dan die hitte tot laag. Maak nou vier gaatjies in die tamatiesous, mooi in elke kwart van die pan. Breek nou 2 eiers in elke gaatjie, sprinkel sout en peper op die eiers en plaas deksel op. Kook die eiers vir 5 – 8 minute of tot eiers gaar genoeg is vir jou smaak. Ek verkies dat die eiergeel nog sag moet wees.

Besprinkel met vars kruie en bedien op bros brood met ‘n lekker groot skep plaaskaas.

**Wenk:**

Maak 'n groot hoeveelheid van die plaaskaas en vervang jou gekoopte maaskaas daarmee. Amasi is dan nou MAAS in Afrikaans.


# Bejaarde sukkel met riool



'n Bejaarde inwoner van Breëstraat het onlangs 'n uiters onaangename ervaring gehad met rou riool wat deur haar erf gevloei het. Ondanks herhaalde pogings om die munisipaliteit daaroor in te lig, het sy geen hulp gekry nie. Sy het uitgereik na verskeie ander persone in die dorp wat dalk kon help om die munisipaliteit se aandag te kry. Die water was in sommige dele van die erf so erg dat die mense met waterskoene moes rondloop. Die situasie het selfs tot die punt gekom waar water onder haar huis begin uitloop het. Die ongerief en frustrasie wat hierdie situasie vir Mevrou Johnson veroorsaak het, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Boonop was haar stoep bedek met wit toiletpapier wat uit die rioolwater gekom het. Behalwe die persoonlike ongerief het die onhigiëniese situasie 'n gesondheidsgevaar ingehou. Eers op Dinsdagmiddag, na 'n lang gewag, is die probleem uiteindelik opgelos. Mevrou Johnson se dogter het aangedui dat haar ma in haar 80's is en dat dit kommerwekkend is dat 'n persoon in haar lewensfase nie die nodige hulp en ondersteuning ontvang het nie.

Dit is onrusbarend dat plaaslike owerhede nie dadelik optree in noodgevalle nie, veral 'n ernstige rioolprobleem soos dié wat in die eerste plek verhoed moes wees deur basiese dienslewering.

# Oud inwoner oorlede



Mev Magdaleen Kruger, 'n jarelange inwoner van Heilbron, is op 26 Junie na ’n kort siekbed in die ouderdom van 89 jaar oorlede. Mev Kruger was nou betrokke by die bedrywighede van Vrystaat Versorging in Aksie (VVA) op die dorp en saam met wyle mev Annatjie du Preez het hulle in vele behoeftes voorsien.

By Heilbron Dienssentrum vir senior burgers het Magdaleen 'n leidende rol vertolk. Sy was ook ’n bekende by die Heilbron Herald en sal veral onthou word vir al die liplekker resepte wat sy gereeld geplaas het onder die skuilnaam “Rebecca”.

Mev Kruger se troosdiens gaan in Margate plaasvind waar haar dogter, mev Cara Meyer woon en Magdaleen se seun, pastoor Ernst van der Wath sal die diens lei.







# Inisiatief in Heilbron

## *Gemeenskap maak saam skoon*




Inwoners van die woonbuurt in die omgewing van Piercestraat het die inisiatief geneem om die dorp skoon en veilig te hou. Kallie Van den Berg, een van die organiseerders, deel sy ervaring van hoe die gemeenskap saamgekom het en 'n positiewe verandering in hul woonbuurt teweeggebring het.

Dit alles het begin toe die inwoners as gemeenskap besef het dat hulle 'n rol kan speel in die verbetering van die veiligheid in hul omgewing. Volgens Kallie het hulle 'n WhatsApp-groep gestig waarin lede gemobiliseer is en idees uitgeruil is hoe om hulle woonarea te verbeter en te beveilig teen die misdaad wat onlangs erg toegeneem het. Die eenheid en geesdrif onder die gemeenskap was aansteeklik, en hulle het besluit om op 'n bepaalde dag en tyd saam te kom vir 'n gesamentlike skoonmaakaksie.



Kallie verduidelik dat die gemeenskap 'n besondere gevoel van eienaarskap begin aanvaar het oor hulle omgewing. Hulle het besef dat om 'n veilige en skoon woonbuurt te hê, vereis dat elke individu betrokke raak en verantwoordelikheid aanvaar.

Saterdag om 12 uur het die inwoners van die woonbuurt in Piercestraat bymekaargekom vir die skoonmaakaksie. Inwoners het gereedskap, soos besems, vullissakke en handskoene voorsien vir diegene wat dit nie besit het nie. Die gemeenskap het saamgewerk om die strate skoon te maak en die openbare areas op te ruim. Dit was 'n gesamentlike poging om 'n omgewing te skep wat trots en vreugde in die gemeenskap bring.

Na die skoonmaakaksie het die inwoners nie net 'n skoner omgewing nie, maar ook 'n gevoel van voldoening en samewerking ervaar. Hulle het die dag afgesluit deur saam te kuier en mekaar beter te leer ken. Dit het 'n sterk sin van gemeenskap en solidariteit geskep.

Kallie beklemtoon die belangrikheid van eienaarskap en saamstaan vir die omgewing. Hy nooi ook die res van Heilbron uit om hul voorbeeld te volg. Die inwoners van Piercestraat en omliggende strate daag die ander inwoners van Heilbron uit om elke straat te betrek by die skoonmaak en veiligheid van die dorp. Deur hul eie gemeenskap te mobiliseer en te motiveer, kan Heilbron 'n plek word waarop elke inwoner trots is.


**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ANNUAL BUDGET 2023/24- 2025/26**

The **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2024** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the proposed 2023/24 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2023/24**

| R thousands | Actual budget 2022/23 | Adjusted budget 2022/23 | Budget year 2023/24 | Budget year 2024/25 | Budget year 2025/26 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 936,721 | 937,015 | 1,056,344 | 1,112,708 | 1,161,682 |
| Total Operating Expenditure | 1,012,124 | 1,012,417 | 1,133,185 | 1,193,315 | 1,246,077 |
| **Surplus/(Deficit)** | **-75,403** | **-75,403** | **-76,841** | **-80,607** | **-84,395** |
| Total Capital Revenue | 135,279 | 135,279 | 141,235 | 174,273 | 181,956 |
| Total Capital Expenditure | 135,279 | 135,600 | 153,235 | 174,273 | 181,955 |

Total Operating expenditure for the **2023/24** financial year amounts to **R 1,133 billion**, the total Revenue amounting to **R 1,056 billion** and translates into a budgeted deficit of **R 76,841 million** (this is due to including non-cash items, Depreciation).
The total Capital budget for 2023/24 financial year amount to **R 153,235 million** which part of is funded by **national and provincial grants R141,235 million** and internal funding **R12 million.**

**The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 31 May 2023, approved the Budget 2023/24- 2025/256**
The copy of the budget is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**P. Ngesi**
Acting Municipal Manager
mmadmin@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Themba Mpindo**
Acting Chief Financial Officer
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Pinky Mokoena
Acting Budget and Expenditure Manager
pinky@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700


# Heilbron rolbal kook

Die afgelope naweek het 6 van Heilbron Rolbalklub se spelers weereens die dongapad aangepak Kroonstad toe vir die Valsrivier-subdistrik dames en mans enkelskompetisie.

Johnnie Fourie, Edward en RJ Muller het aan die mannekant gaan spiere bult terwyl die sagter kant van die klub verteenwoordig was deur Tracy Jacobs, Hannalie Claassen en Sonja Muller.

Tydens Saterdag se westryde moes Johnnie Fourie en RJ Muller ongelukkig die knieë buig, maar vir beginnerspelers is hierdie kompetisies altyd 'n goeie leerskool en uitstekende ondervinding.

Edward aan die ander kant het deurgedring na Sondag se uitspeelwedstryde, so een van die manne was daar waar dit saak maak. Alhoewel hy hard probeer het, kon Edward nie Sondag deurdring na die volgende rondte nie.

Die dames was aan die brand en aldrie dring deur na Sondag se uitspeelwedstryde. Ongelukkig speel Tracy en Hannalie, twee klublede, teen mekaar en Tracy eindig as die wenner.

Die wedstryd tussen Tracy en Bianca Keeve van KBC, was 'n taai stryd met 29 koppe wat gespeel is en Tracy wat uiteindelik as wenner eindig met 21/20. 'n Bewys van die stryd wat dit was om as wenner te eindig.

Sonja, as beginnerspeler, het weereens Gary Player se stelling bewys: "The more you practice the luckier you get". Hierdie "geluk" bring mee dat sy al haar wedstryde wen en Sondag in die finaal teen Tracy te staan kom.



*Tracy Jacobs*

Na 24 koppe verloor Sonja 19/21 teen Tracy, maar dit was steeds 'n uitstekende prestasie vir 'n beginnerspeler met 'n blink rolbaltoekoms.

Aan die einde van die naweek kon Heilbronspelers steeds spog met goud en silwer toekennings wat huis toe kom.



*Op die foto vl: Tracy Jacobs en Sonja Muller.*

# Botsing in misweer



'n Afgryslike ongeluk het verlede Saterdag plaasgevind op die Heilbron-Sasolburg pad naby Vyandsvlei. Na bewering het 'n minibus-taxi 'n poging aangewend om 'n voertuig in die digte mis verby te steek. Hierdie ondeurdagte daad het tot gevolg gehad dat heelwat mense beseer is en lewens tragies beëindig is.

Die broer van een van die oorledenes het hartseer vertel dat hy sy broer sou volg, maar eers 'n paar draaie moes ry. 'n Halfuur later het hy 'n noodoproep ontvang waarin hy meegedeel is dat sy broer betrokke was in 'n grusame motorongeluk. Die omvang van die ongeluk was so enorm dat die pad tydelik gesluit moes word en motoriste aangemoedig is om via Deneysville te ry.

Die Heilbron-Sasolburg pad is bekend vir hoë ongeluksyfers, en hierdie ongelukkige voorval het dit net weer bevestig. Die nalatigheid en onverantwoordelikheid van motoriste is baie maal hier die oorsaak van lewensverlies en ernstige beserings. Padgebruikers moet hiervan bewus wees en baie meer versigtig en verantwoordelik bestuur ter wille van hulle eie veiligheid en diè van ander.

'n Paar plaaslike boere, naamlik Petrus, Regert en Chris Pienaar, het die owerhede gehelp om die verkeer te reguleer.









# Koperdiewe slaan toe

'n Beloning word aangebied vir enige inligting rakende die opsporing van persone wat betrokke was by die koperkabeldiefstal wat Dinsdagaand plaasgevind het. Jarred Ovens vertel dat hy besig was om bedrading te doen by die gebou vanwaar die kitskoswinkel, Steers, bedryf sal wod. Hy het 'n wag aangestel om die perseel op te pas aangesien daar oop koperkabels was. Hy noem dat die wag binne die omheinde perseel toegesluit was en dat die koperkabels die volgende oggend met sy aankoms soos mis voor die son verdwyn het. As iemand enige inligting het in verband met die koperdiefstal, kan julle hom kontak by 063 750 1586. Jarred was geskok oor die voorval en het 'n beloning aangebied vir diegene wat inligting kan verskaf wat kan lei tot die inhegtenisname en skuldigbevinding van die oortreders.

Alhoewel die gesteelde koperkabels nie van so 'n aard is dat die projek nie kan aangaan nie, is die waarde ongeveer R2 000.00. Koperdiefstal is 'n ernstige misdaad wat toeneem. Die waarde van koper het verseker dat dit 'n gewilde teiken is vir mense wat vinnig geld wil maak. Dit is egter 'n gevaarlike en onwettige praktyk wat skade aan infrastruktuur veroorsaak en die gemeenskap benadeel.

Die gemeenskap word aangemoedig om saam met die polisie te werk en enige inligting te verskaf wat kan help om hierdie misdade op te los. Die gesteelde koperkabels kan dalk aan skrootverwerkingsaanlegte of aan ander individue wat 'n afsetmark daarvoor het, verkoop word. Enige verdagte aktiwiteite of enige inligting moet dadelik aan die polisie gerapporteer word.









# Nuwe tegnologie vir gewigsverlies

Hier is goeie nuus vir persone wat sukkel met hul gewig. Die stryd teen oortollige vet is vir almal 'n uitdaging, maar daar is nou goeie nuus vir diegene wat op soek is na 'n doeltreffende oplossing. Paula Pienaar bied 'n innoverende behandeling aan wat jou kan help om daardie ongewenste kilogramme af te skud. Sy maak gebruik van 'n 6-in-1 verslankingsisteem wat bestaan uit verskeie tegnologieë wat die proses bevorder. Verskeie tegnieke word gebruik om saam te werk om jou doelwitte te bereik. Een van die tegnieke wat gebruik word, is "Laser Liposuction". Hierdie prosedure maak gebruik van laserhitte om vet-selle in gelokaliseerde areas af te breek. Dit kan jou help om spesifieke probleemareas te teiken en vet te verwyder.

'n Ander tegniek in die sisteem is ultraklank kavitasie. Dit behels die gebruik van ultraklank-tegnologie om vet-selle onder die vel af te breek. Hierdie metode is nie-chirurgies en kan help om selluliet en gelokaliseerde vet te verminder.


*Op die foto Paula Pienaar.*

Vakuum Bipolêr en radiofrekwensie-behandelings (RF) word ook aangebied. Hierdie tegnieke maak gebruik van radiofrekwensie-energieë om die vel te verjong, asook om plooie in die gesig en swart kringe te verminder. Dit kan selfs gebruik word vir borsverstewiging en 'n "buttock lift".

Die behandeling is nie net beperk tot die gesig en liggaam nie, maar kan enige plek op die liggaam gedoen word waar jy 'n kilogram of twee wil verloor. Dit is 'n veelsydige sisteem wat jou kan help om vetverwydering, liggaamsverandering en selfs vermindering van selluliet te bereik.

Die Vakuum RF-terapie stelsel gebruik suig- en drukkragte om vetselle af te breek en vry te stel. Dit skep 'n verhittingseffek wat die bindweefsel en kollageenvesels stimuleer. Dit kan help om los vel te verstyf en die liggaam 'n gladder voorkoms te gee.

Wat presies is radiofrekwensie (RF)? Dit is 'n veilige en effektiewe verjongingsbehandeling wat gebruik word vir verskillende dele van die liggaam. Dit is veral gewild vir die gesig en nek area, maar kan ook gebruik word vir die maag en bo-arms.

Die behandeling is beskikbaar by Platteland Apteek in Heilbron en Salon Marilo in Frankfort.





SEDGARS
For All Your
SUITS & EVENING DRESS REQUIREMENTS
WE HAVE THE WIDEST RANGE OF EVENING DRESSES & SUITS
FOR YOUR MATRIC FAREWELL
VISIT US AT OUR NEW STORE
2 LEEUWENHOEK STREET | DUNCANVILLE
SEDGARS.COM | 016 422 3804
*PICTURES ARE USED FOR ILLUSTRATIVE PURPOSES ONLY*

# PAPPA-EN-DOGTERDANS

Hoërskool Heilbron se grondslagfase het op 22 Junie 'n Pappa-en-dogterdans aangebied, en dit was 'n betowerende aand vol sprokiesverhale. Sjarmante pappas het hul beste beentjie voorgesit en elke dogtertjie het soos 'n feeprinses gelyk. Juffrouens Christelle en Linette was die aanvoerders vir hierdie glansgeleentheid, terwyl verskeie mammas ook gehelp het om die aand onvergeetlik te maak vir beide pa en dogter.

Die funksie was 'n viering van die unieke band tussen pappas en hul dogters. Die pappas het hul dogters met soveel sorg en liefde behandel dat dit 'n plesier was om te aanskou. Sommige dogters is selfs deur hul pappas verras met pragtige blomme. Dit was duidelik dat hierdie pappas ekstra moeite gedoen het om die aand spesiaal te maak. Juffrou Christelle kon nie help om spottend te sê dat die pappas nie eers so mooi aantrek vir die prysuitdeling nie.

Hierdie was 'n besondere geleentheid vir die pappas om hul dogters te verseker van hulle onvoorwaardelike liefde en aandag. Die oomblikke is vasgevang deur middel van foto's, wat verseker het dat hierdie kosbare herinneringe vir ewig bewaar sal bly.

Die pappa-en-dogterdans by Hoërskool Heilbron was 'n absolute hoogtepunt en 'n suksesvolle viering van die vader-dogterverhouding. Hierdie geleentheid het verseker dat die pappas en dogters 'n onvergeetlike aand saam gehad het, en die foto's sal vir altyd getuig van die liefde en sorg wat hulle vir mekaar het.



*Op die foto vl: Merike Viljoen en pappa Gerrit Viljoen.*



# Trou-koors



Corné en Shea Calitz is getroud op die 9de Junie 2023 te Nouvea Venue, Pretoria. Corné is die seun van Marius en Sandra Calitz van Heilbron. Shea is die dogter van Craig en Kim Adendorff vanaf Tzaneen. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.

# Heilbron Hero



Heilbron se Phillip van der Merwe is verseker 'n superheld, 'n man met 'n hart van goud. Hy word vereer as die Tony Stark van die dorp, en met goeie rede. Phillip is nie net 'n bekende prokureur in die gemeenskap nie, maar dien ook as 'n raadslid wat opstaan vir die mense van Heilbron wanneer hulle dit die meeste nodig het.

Net soos die Superhero Tony Stark, beskik Phillip oor 'n onwrikbare selfvertroue en die vermoë om leiding te neem. Hy is 'n man wat nie skroom om die helpende hand uit te steek in tye van krisis nie, of dit nou 'n waterkrisis is wat die gemeenskap bedreig, of 'n kragonderbreking wat die mense in die donker laat sit, Phillip is altyd daar om te help. Hy bring hoop en verligting aan die gemeenskap van Heilbron. Phillip is nie net 'n held in die gemeenskap nie, hy is ook 'n mens met sy eie persoonlike struwelinge en uitdagings. Tog, ten spyte daarvan, skroom hy nooit om op te staan en hulp aan te bied nie. Sy onbaatsugtigheid en medemenslikheid maak hom die perfekte Heilbron Hero vir hierdie maand.

# AfriForum se Heilbron-tak toets vir cholera

Die AfriForum-tak in Heilbron het op 8 Junie watertoetse gedoen om vas te stel of daar cholera in die Elandspruit en die Uniefeesdam is. Daar is op twee plekke monsters geneem om by 'n geakkrediteerde laboratorium getoets te word. Die tak het op 13 Junie die uitslae van die toetse ontvang.

Die goeie nuus is dat daar op geen van hierdie plekke tekens van cholera gevind is nie. Die slegte nuus is egter dat daar by albei hierdie plekke positiewe tekens van E. coli en fekale kolivorme gevind is. In kort beteken dit dat daar tekens van riool in die rivier is wat ander siektes as cholera kan veroorsaak.

"Ons maan inwoners van Heilbron om nie water uit hierdie twee bronne te gebruik nie en as dit noodsaaklik is, moet die water eers gekook word. Inwoners moet ook nie in die water swem nie. Dit is ook raadsaam om diere weg te hou van die spruit en dam af," sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

Die plaaslike AfriForum-tak poog om met die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit in verbinding te tree, maar die saak word bemoeilik omdat daar tans nie 'n munisipale bestuurder is nie. Die AfriForum-tak is al 'n geruime tyd in kontak met die Departement van Water en Sanitasie oor die erge besoedeling van Elandspruit. Hulle het die munisipaliteit reeds aangemaan, maar daar is nog geen poging van die munisipaliteit se kant aangewend om die saak op te los nie. Die resultate van die watertoetse is dadelik onder die DWS se aandag gebring.

"Die swak bestuur en onbevoegdheid van munisipaliteite is nou vinnig besig om hulle in te haal. Dit is egter hartverskeurend dat ons waterbronne, waarsonder nie mens óf dier kan klaarkom nie, in die proses beskadig word. Ons hoop werklik dat die DWS nou ook daadwerklik sal optree," sluit Pretorius af.

Raak by Heilbron se AfriForum-tak betrokke en help om jou omgewing beter te maak. Kontak Paul Berg by 081 354 3073.

Alta Pretorius
Distrikskoördineerder: Mooirivier
AfriForum
Sel: 081 392 2071
E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za

Ischke van Eeden
Mediaskakelbeampte
AfriForum
Sel: 064 955 3281
E-pos: ischke.vaneeden@afriforum.co.za





*Op die foto's Gerrie Muller Voorsitter van AriForum Heilbron-tak.*

# HERALD Sport

GHOLFDAG
NG Kerk Heilbron-Suid
15 Julie 2023
Heilbron Gholfklub
R400 per speler
Nie-spelers baie welkom.
Halfweg en aandete ingesluit.
Verskeidenheid vleispryse te wen
Heilbron Gholfklub: 058 852 2523
Formaat: "Betterball Stableford"

WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Herald Office National

3 Wheel Electric Mobility Scooter



Used, in great condition
Sleek & easy movement around tight spaces.
Great for shopping centers.
Indoor & Outdoor use.
Folds down fast, pulls apart without any tools needed.
Only R8000
Dandi's Family Store

Dr Nthabiseng Matla
PR 0955566
068 596 2426 | 067 931 3542
DR NTHABISENG MATLA
HEALTH & WELLNESS CENTRE
Services Provided:
> Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
> Antenatal and Post natal Care
> Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
> Immunizations and baby wellness services
> Men's health : circumcisions and Prostate screening
> Medical Reports and PDPs
> IV Vitamin Therapy
> Mental health and Counseling services
> Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
> Contact and online sessions for all services
> We also do House calls on request
SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US
Dr. Matla dr_matlan

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 3 JULIE 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
DINSDAG - 4 JULIE 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
DAVEL: ERMELO BONSMARA GROEP PRODUKSIEVEILING
11:00, The Bull Ring Auction House
Kontak Dave Harris 082 573 7979
WOENSDAG - 5 JULIE 2023
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
DUNDEE: TRI-BULL SALE
68 Bulle 146 Vroulike Diere
11:00 Dundee veilingskrale
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225
DONDERDAG - 6 JULIE 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
HARRISMITH: MANDY FARMING BOVELDER BUL PRODUKSIEVEILING
11:00, Welgegund, Harrismith
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
VRYDAG - 7 JULIE 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.

Kontak gerus vir Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za

# Heilbron Duiweklub Nuus



Voor verlede naweek het die duiwe vanaf Reddersburg gevlieg. Dit was mooi weer en die 315km is afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 66km pe uur. Damie Stemmett het goed gedoen en het albei wedvlugte gewen.

**REDDERSBURG JAAROUD**
1. Stemmett Hokke, 2. Zenith A, 3. Zenith A, 4. Zenith A, 5. D Cilliers, 6. Stemmett Hokke, 7. Stemmett Hokke, 8. Stemmett Hokke, 9. Zenith B, 10.Wing It.

**REDDESBURG OPE**
1. Stemmett Hokke, Zenith A, 3. F Viviers, 4. D Cilliers, 5. F Viviers, 6. Stemmett Hokke, 7. Stemmett Hokke, 8. Zenith A, 9. F Viviers, 10. D Cilliers.

Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Springfontein or 'n afstand van 400km. Dit was mooi weer en die duiwe het vinnig gevlieg met 'n gemiddelde poed van 82kpu. F Viviers het die Jaaroud wedvlug gewen en D Cilliers die Ope wedvlug.

**SPRINGFONTEIN JAAROUD**
1. F VIVIERS, 2. Stemmett Hokke, 3. Zenith A, 4. Zenith A, 5. Stemmett Hokke, 6. F Viviers, 7. D Cilliers, 8. Zenith A, 9. Wing It, 10.D Cilliers.

**SPRINGFONTEIN OPE**
1. D Cilliers, Zenith A, 3. F Viviers, 4. D Cilliers, 5. Zenith A, 6. D Cilliers, 7. Zenith B, 8. Zenith A, 9. D Cilliers, 10. F Viviers.

Solar Vibe
SPOT THE DOT
1 Julie 2023
Koop enige ten minste R100 se items by Solar Vibe of Raap en Skraap en kry een gratis spit-skaaprolletjie
Indien 'n item in jou mandjie 'n goue sticker op geplak het, KRY JY DIT GRATIS!

EST. 2021
OJ'S ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
AARTAPPEL & PREI SOP!
Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99